**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 14 Mei 2023**

# SESDE SONDAG IN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Gesinne***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Handelinge 1:6-14; Psalm 68:1-10, 32-35; Johannes 17:1-11; 1 Petrus 4:12-14, 5:6-11**

| **SONDAG, 14 MEI** | |
|---|---|
| | MOEDERSDAG<br>BIDDAG VIR GESINNE |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Johan Morkel<br>Deuroffer ten bate van: Senior Sentrum<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 15 MEI** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 16 MEI** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 17 MEI** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 19:00 | Jeug Kommissie vergadering |
| **DONDERDAG, 18 MEI** | |
| | HEMELVAART |
| 13:15 | Hemelvaartdiens by Moedergemeente |
| 19:00 | Hemelvaartdiens by Moedergemeente |
| 19:00 | Gemeentebediening en Blokleier Kommissie vergadering |
| Sopbeurte: | Marietjie Mostert, Lizelle Wessels, Riana van Niekerk, Ronelda Visser, Mariana van Schalkwyk, Joanie Hall |

| VRYDAG, 19 MEI |
|---|
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 20 MEI** |
| |
| **SONDAG, 21 MEI** |
| PINKSTER BEGIN<br>SEWENDE SONDAG IN PASE<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Hoop en Versoening Trust<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens<br><br>19:00 Pinksterbiduur |

# GEMEENTENUUS



1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Martie van Wyk vanaf Heidekoppie
2. George en Elzeth Loots (Skoolstraat) het ‘n kleinseun, Lian, ryker geraak. Christine en Helgard Oosthuizen is die ouers.
3. Maatjé van der Westhuizen (Annandalestraat) is in die hospitaal.
4. Wilma Groenewald (Steenbokstraat) se broer,ds Herman Nieuwoudt is oorlede.
5. Clayton van Zyl (Avalon) se pa is oorlede.
6. Luci Mulder (Ansteystraat) is in die hospitaal.
7. Alet Wassüng (Othello) het ‘n operasie ondergaan.
8. Eric en Louise Brand (Othello) se seun het Vrydag ‘n hartomleidingsoperasie ondergaan.
9. Joan van Schalkwyk (Eienaar van Blommeland) is oorlede.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. René Ferreira is vanoggend ons orrelis.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

14/05 Gerry Theron, Diaan Groenewald, Pieter Lloyd, Tania van der Walt
15/05 Wian van Wyk, Len Barnard, Johan Beukes, Judy Dippenaar
16/05 Niel Matthee, Mandie Volschenk, Pieter Combrinck(83), Margaret Pitt
17/05 Morné Roelofse, Matie MacArthur, Karien Maré, Rina Davies, Emmie van der Vyver
18/05 Anél Clark, Kotie Geldenhuys, Hanro van Huyssteen, Daclan Jefthas
19/05 Marie Coetzee, Marietha Geldenhuys, Jacques Schreuder, Marianna Theron(81)
20/05 Francois Cillié, Petrus Wilders, Marinda Roberg, Nina Wassung, Fanie van Wyk, Johan Smuts, Dylan Papas, Annette White(86)




# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**SENIOR SENTRUM, KUILSRIVIER**

Die Dienssentrum vir Seniors, Kuilsrivier, is ‘n program van BADISA en het ten doel om die Senior Burgers te bemagtig om solank as moontlik onafhanklik in sy eie woonplek te funksioneer. ‘n Wye spektrum van programme word aangebied (lesings, gesondheidsopvoeding, kulturele en musiek programme, grappies) om die bestuur van veroudering ‘n opwindende ervaring te maak en met omgee mekaar se lief en leed te deel.
Hulle vergader elke Donderdag vanaf 09:30 tot 11:15 in die kerksaal van Moedergemeente. Almal bo 60 jaar word uitgenooi om aan te sluit.

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

- Die sperdatum vir die indien van die basaarlyste by die kerkkantoor, was 11 Mei 2023. Blokleiers en dienswerkers word versoek om asseblief so spoedig moontlik die uitstaande lyste in te gee.
- Lidmate wat geen besoek ontvang het nie, is welkom om die kerkkantoor te kontak om ‘n bydrae te gee.
- Die beloftes van gebak (grootkoeke, klein koekies, beskuit, brood, ens) is baie min. Ons doen ‘n beroep op die bakkers in die gemeente om asseblief iets te bak vir die basaar. Kontak die kerkkantoor met jou belofte.

# BASAAR – VLEIS

Die vleistafel by vanjaar se basaar gaan iets nuuts probeer. Ons gaan baie lekker sosaties (kebabs) te koop aanbied. Ons is op soek na 'n lekker sosatiesous. Skryf jou beproefde resep in.

**Dit werk so:**

Ons gaan beesvleis gebruik en jy maak sowat 500ml sosatiesous aan en ons toets/proe dit. Die wenresepte gaan dan gebruik word vir die basaarsosaties. As jou resep een van die wenners is gaan ons die sosaties na jou vernoem bv. *Ds Hannes se ontsoete sosatie of Cassie se smulsag sosatie.*

***Sperdatum verleng!!!!***

Laat waai en kontak ons **voor 19 Mei 2023** by 082 494 4819 (André) of 082 444 4046 (Hennie) om jul sous in te skryf of indien jy enige navrae het. Die souse sal in die week van 22 tot 26 Mei 2023 geproe en beoordeel word.

Ons gaan lekker basaar hou en nog lank daarna lekker eet.

# BASAAR – GROENTE



# BASAAR – KERRIE EN RYS

Kom geniet heerlike

“WARM” KERRIE & RYS

op die koue wintersoggend!



# BASAAR – BOEPENSBROODJIES (Jaffels)



*Wat is ‘n Basaar sonder*

***Boepensbroodjies ???***

*Kom geniet n smullekker maalvleis*

*Boepensbroodjie by De Eike basaar.*

# BASAAR – VEILING

Die veiling by ons Basaar is nog ‘n geleentheid om jou dankoffer vir die Here te gee. En daarby iets saam te neem huistoe!

Indien jy iets het wat sinvol en bruikbaar is, maar oortollig is by jou, is jy welkom om dit vir die basaarveiling beskikbaar te stel. Kontak asb die Kerkkantoor (903 3818) of vir my (083 627 6578). (Ons het reeds die belofte van ‘n halwe skaap!)

Francois Cillié

# BASAAR – DIT & DAT

Dit & Dat – enige iets van klein tot GROOT

"Indien iemand dalk enige bruikbare en in goeie toestand, items het wat julle nie meer gebruik nie en wat ons met die Basaar op die Dit en Dat tafel kan plaas, kan julle dit by die kerkkantoor afgee."

Wessel Labuschagne

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

***Dankie vir jou bydrae*** van die afgelope tyd. Jou omgee is 'n aksie, wat iemand anders se lewe positief raak.

Die mandjie se pens raak egter nou effens leeg, die volgende items sal baie welkom wees.

| | | |
|---|---|---|
| ***Tee*** | ***Koffie*** | ***Blikkies tamatie*** |
| ***Suiker (1kg)*** | ***Melk*** | |
| ***Soja*** | ***Tuna*** | |

Groetnis

# KLERE EN VERE

**Klere en Vere** kom vanjaar basaar toe!

Bring asseblief solank vir ons daardie voorheen geliefde items uit jou klerekas en merk dit: **Basaar**. Jy gaan dit tog eendag uitgooi en waar beter as vir De Eike!
Ons gaan van die klere wat vir Klere en Vere gegee word, op die basaar verkoop. Op hierdie manier kan fondse geïn word om herstel- en ander onkoste te dek wat tans deur die 2 lidmate betrokke by Klere en Vere self gedra word.

Ons het pas weer 'n mooi besending klere na Nuwerus in Namakwaland gestuur en VGK-Koelenhof se pakkies staan gereed vir oplaai.

En moenie ophou om hierdie projek te ondersteun nie. Jou ou klere, tweedehandse klere, aan-"*pass*" klere, skoene, linne, ensovoorts, laat iemand anders breed glimlag.

Dankie!
2 Vere

# KOORFEES BY VGK SAREPTA

Kuilsrivier Moedergemeente se orrelis, Arthur Appleby, het ons gemeente se koorlede genooi om saam met hulle deel te neem aan 'n koorfees plaasvind op

Sondag 28 Mei 2023 by VGK Sarepta.

Dit sal 'n middaggeleentheid wees met verskeie kore wat optree sowel as 'n massakoor.

Ons nooi graag ons bestaande koorlede en enige ander lidmaat wat ook deel wil wees hiervan, om aan te sluit by die oefeninge Maandagaande 15 en 22 Mei om 19:00 by **Moedergemeente se kerkgebou**.

# HEMELVAART

NG KERK KUILSRIVIER (Moedergemeente)

Hemelvaartdinste op Donderdag 18 Mei 2023




Almal baie welkom!

# BESOEK AAN NUWERUS

Ons gemeente besoek Nuwerus gemeente die naweek van 1 tot 3 September 2023.

Indien jy belangstel om hierdie besoek aan Nuwerus mee te maak kan jy gerus met een van die volgende persone in verbinding tree.
Daar is 'n beperkte aantal plekke beskikbaar by die huisvesting. Laat weet dus asseblief voor 15 Junie 2023.

Sias Koen 0833185993
Sanet Koen 0824474088
Franci Gresse 0824474088

# PREEKSKETS

**TEMA – ONS IS DIE HERE SE GROENTETUIN**



Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: 1 Kor.3:5-9

<u>Inleiding:</u> Wie van julle het 'n groentetuin by die huis?

1. Kom ons begin 'n groentetuin by die kerk.
   - Wat is die eerste ding wat ons moet hê om met die groentetuin te begin? Ons moet groentesaad hê om te saai!
2. Paulus sê dit werk in ons geloofslewens dieselfde as met 'n groentetuin.
   - Paulus het in elke stad waar hy gekom het die boodskap van Jesus gesaai, ook in die stad Korinte.
3. Elkeen van ons het vir 'n eerste maal van Jesus gehoor. Iemand het vir die eerste maal die Boodskap van die Bybel in jou hart gesaai!

3.1. Wie het vir jou die eerste maal van Jesus vertel?
   - In die meeste gevalle was dit ons mamma. Sê na die diens vir ma baie dankie dat sy die Woord in jou hart gesaai het.
   - En sê ook vir pappa dankie, hy het ook baie vir jou geloofsplantjie gedoen!

4. Is dit al wat mens moet doen om 'n groentetuin te maak? Nee, mens moet die tuin gereeld natmaak.

4.1. Paulus sê dieselfde gebeur met ons geloof. Hy het nooit lank in 'n stad gebly nie, daarom het Apollos die Boodskap van Jesus wat Paulus gesaai het, natgemaak.

4.2. Die Boodskap van Jesus wat in ons harte gesaai is, moet ook natgemaak word.
   - Ons ouers en mense van die kerk maak ons kinders se geloofsplantjies natmaak.
   - Ons is ook verantwoordelik vir die natmaak, die versorging van mekaar se geloof!

5. Paulus sê op die ou end: God het laat groei!

5.1. Ons moet altyd onthou, ons saai die boodskap van Jesus en ons maak die geloofsplantjies nat, maar dit is God alleen wat groei in ons geloofslewens bewerk!